Nuusbrief 217

Augustus 2018

South African Wood Preservers Association

Geagte Lede

AUGUSTUS-/SEPTEMBERSTREEKSVERGADERINGS

Die 2de rondte streeksvergaderings vir 2018 is geskeduleer soos aangedui in meegaande tabel. Indien u enige spesifieke punt tot die agenda wil voeg vir bespreking moet u dit so gou moontlik na SAWPA stuur. Dui aan of dit vir streeks- of nasionale bespreking moet wees, en verskaf ook volledige agtergrond inligting wat SAWPA sal help om voor te berei vir die bespreking. In aanloop tot die vergaderings moet lede ook in gedagte hou dat streekvoorsitters tydens hierdie rondte vergaderings genomineer, en vir die volgende jaar aangestel word.

	Datum	Tyd	Beplande Plek (TBC)
Limpopo	29 Augustus 2018	10:00	Pietersburg Klub
Suid-/Oos-Kaap	31 Augustus 2018	10:00	Pine Lodge, George
Wes-Kaap	3 September 2018	10:00	Erinvale Hotel & Spa
Gauteng	5 September 2018	10:00	SAWPA Raadsaal
KZN	7 September 2018	10:00	Victoria Buiteklub, PMB
Mpumalanga	11 September 2018	10:00	Forever Resort, Badplaas
Chemiese Forum	26 September 2018	12:30	SAWPA Raadsaal
Uitvoerende komitee	27 September 2018	9:30	SAWPA Raadsaal
Algemene Jaarvergadering	27 September 2018	14:00	SAWPA - SAFCA Konferensie saal

Om ons by te staan met reëlings t.o.v. sitplek en etes, lig asseblief vir Sue in indien u die vergadering/s bywoon. Kontak haar by 011 974 1061 of sawpa@global.co.za

INLIGTINGSBLAD OOR ONWETTIGE BEHANDELING

Soos in vorige nuusbriewe en streeksvergaderings genoem, is SAWPA versoek om 'n inligtingsblaadjie te ontwikkel om die breë publiek in te lig, veral die in die plattelandse areas wat mislei word om onwettige behandelde hout aan te koop. Die aangehegte Engelse weergawe is afgehandel en nou beskikbaar aan lede wat die inligtingstuk wil gebruik en versprei. Ons is in die proses om die inligtingstuk te vertaal na IsiZulu, Sepedi, Tshivenda en IsiXhosa, wat die tale is wat hoofsaaklik in die geaffekteerde gebiede gepraat word. Die inligtingstukke sal ook voortaan op die webtuiste beskikbaar gemaak word. Lede kan intussen aanvra vir kopieë van die Engelse weergawe deur vir Sue te kontak by sawpa@global.co.za of 011 974 1061.

DRIE NUWE RIGLYNNOTAS BEKENDGESTEL

As deel van ons doelwit om gebruikers van behandeldehout in te lig en op te lei, is drie riglynnotas bygevoeg tot die vorige vyf wat reeds in 2017 vrygestel is. Die drie nuwe riglynnotas handel oor:

- Decking Substructure – Regulations and Preservative Treatment, wat daarop gemik is om die eindverbruiker in te lig oor die korrekte materiale, gevaarklasse, aanwendings, ens., wanneer die lasdraende substruktuur van 'n dek opgerig word.
- Natural Durability of Wood, verduidelik natuurlike duursaamheid van hout, 'n kenmerk wat in die kernhout voorkom, en varieer in spesies van nie-duursaam, matig-duursaam, duursaam tot hoogs-duursaam en kan bydra tot 'n verlengde diensleeftyd waar hout aan biologiese organismes blootgestel word.

- Heartwood and Sapwood, verduidelik die verskil tussen spinthout en kernhout wat in die stam van 'n boom voorkom, en die onderskeie areas se vermoë om behandel te word of nie.

Hierdie en vorige gepubliseerde riglynnotas is beskikbaar op ons webtuiste by http://sawpa.co.za/guidance-notes, wat onder die algemene publiek opskrif en inligtingafdeling gevind word.

RIGLYNE TOT DIE GEWYSIGDE BOSBOUSEKTORKODE & TELKAART

Die gewysigde Bosbousektorkode, waarteen alle bosbouverwante maatskappye gemeet moet word om hul swart ekonomiese bemagtiging-status te bepaal, is in April 2017 gepubliseer. Om maatskappye te help om die kodes en telkaart te verstaan en toe te pas, het die Forest Sector Charter Council 'n gebruikersriglyn, getiteld "A Users Guide to the Amended Forest Sector Code and Scorecard", ontwikkel. Die riglyndokument kan afgelaai word by http://sawpa.co.za/topical-issues .

WOODPRO - INTERBUILD AFRICA

SAWPA stal uit by die Woodpro – Interbuild Expo, wat vanaf 15 tot 18 Augustus by die Nasrec Expo Sentrum in Johannesburg plaasvind. Lede wat die Expo wil bywoon, kan aanlyn by https://woodpro.interbuild.co.za/ registreer vir 'n gratis toegangskaartjie. Die "Institute for Timber Construction" bied op 16 Julie van 9:00 tot 14:00 'n Houtkonstruksiekonferensie aan wat gemik is op ingenieurs, argitekte, bouers, ens., wat belangstel in houtkonstruksie. Sprekers sal praat oor houtraamkonstruksie, handgemaakte vs voorafvervaardigde dakkappe, sertifisering van strukturele hout, houtseëlaars, en houtverduursamingstandaarde en regulasies. Die laaste twee aanbiedings word deur Willie Conradie (Timberlife and SAWPA lid) en Bruce Breedt (SAWPA) aangebied. Gaan na http://itc-sa.org/itc-sa-host-cpd-accredited-timber-conference-interbuild-africa/ vir meer inligting oor die konferensie.

ITC-SA – INGENIEURONTWERPTE HOUTPRODUKPRYSUITDELINGSAAND

Die jaarlikse ITC-SA Houtprysuitdeling het op die 27ste Julie plaasgevind by D'Aria Wynlandgoed. Die aand word gehou om lede van die ITC-SA te vereer en toekennings te maak vir hulle ingenieursontwertpe houtstrukture in verkillende kategorieë wat strek van dekke, alterasies en aanbouings, nuwe huise en ook dakstrukture. SAWPA is trots om as een van die borge van die aand te kon bydra, veral omdat al die strukture wat deel was van die inskrywings behandelde hout ingesluit het wat deur SAWPA lede vervaardig was.

NUUSBROKKIES

- Die totale aantal besoeke aan die SAWPA webtuiste vir Mei tot einde Julie was 206 667
- Die Cape Construction Expo vind plaas op 12 en 13 September by die Grand West Expo Sentrum in Kaapstad. Iniden jy belangstel om dit byte woon kan u by https://www.cape-construction.co.za/ registreer vir gratis toegang tot die Expo.

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

SAWPA, Posbus 686, Isando 1600
Tel: 011 974 1061 Faks: 086 610 1411 Webtuiste: www.sawpa.co.za E-pos: sawpa@global.co.za